# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

15 Oktober 2020

**OMSENDBRIEF 16/2020**

## OPROEP TOT BIDDAG EN VOORTDURENDE VEROOTMOEDIGING

AAN ALLE KERKRADE

In die lig van die spanningsvolle situasie in ons land met betrekking tot plaasmoorde, grootskaalse misdaad en korrupsie, het die SKK in die afgelope week ’n skrywe van die AP Kerk Potchefstroom ontvang. Hierin rig hulle ’n versoek dat ’n landwye biddag gereël sal word met die oog op hierdie haglike situasie in ons land.

Na ons mening is dit ’n belangrike en tydige versoek, maar ook ’n versoek wat met groot erns en opregtheid benader moet word. In die eerste plek sou dit ’n fout wees om so ’n dag te reël met die verwagting dat die die Here dan, op grond van ons verootmoediging, geen ander keuse het as om ons gebede te verhoor en ons situasie te verander nie. So ’n biddag behoort in die eerste plek ’n uitdrukking te wees van ons geloof en vertroue in die soewereine en regverdige God. As sodanig gaan dit ook gepaard met skuldbelydenis en verootmoediging aangesien ons sondes ’n teken daarvan is dat ons nie altyd sy heerskappy na behore erken nie. Dit is verder ’n belydenis en erkenning dat ons van God se genade, sy versorging en sy beskerming afhanklik is. Hý is die beskikker van ons deel en lot en by wyse van hierdie dag, bely ons dit opnuut en vertrou ons ons aan sy barmhartigheid toe.

In hierdie gees wil ons dus alle kerkrade oproep tot ’n biddag op Woensdag 4 November (of ’n datum soos deur u gereël). Die AP Kerk Potchefstroom se versoek was dat alle gemeentes sover moontlik om 12:00 byeen sal kom en dit selfs sal oorweeg om ’n aand-geleentheid ook te reël vir diegene wat dit nie vroeër kon maak nie.

Ons versoek u om:

- Die plaaslike reëlings van hierdie dag te behartig.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

- Alle kerke en belangegroepe in u omgewing wat met ons hierin eensgesind is, op te roep om aan die aksie deel te neem deur middel van ’n eie diens of deur ’n gesamentlike diens.
- Tydens die geleentheid ons afhanklik van God te bely en sy koningskap oor ons lewens te erken.
- Sy aangesig om genade te nader ten opsigte van die situasie in ons land – in die besonder ons boeregemeenskappe.
- Voorbidding te doen vir die regering en die Here te smeek vir hulle bekering.
- Klem te lê op die belydenis van ons eie oortredinge wat ’n teken van ons afvalligheid is, sodat die biddag nie ontaard in ’n geleentheid waarin ons die Here om hulp vra, maar ons dan voortgaan met die sondes in ons lewens en samelewing nie.
- Seker te maak hierdie is nie ’n eenmalige gebeurtenis nie deur voortaan, tydens die erediens, hierdie saak op u voorbiddingslys te plaas en verootmoediging as liturgiese moment te gebruik om dit te beklemtoon dat verootmoediging nie ’n eenmalige of sporadiese gebeurtenis is nie.

Ons hoop dat u hierdie oproep ernstig sal oorweeg en met opregtheid sal benader.

Mag ons Here en Koning hierdeur verheerlik word.

*Vriendelike groete*



**Ds. HSW Strauss**
**Voorsitter: SKK**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023